Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant
Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik 45c Local
Buitelands 60c Other countries
Posvry • Post free

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 255 PRETORIA, 5 SEPTEMBER 1986 No. 10418

PROKLAMASIE

van die

Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 157, 1986

WYSIGING VAN PROKLAMASIE R. 101 VAN 1985

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Tweede dag van September Eenduisend Negehonderd Ses-en-tagtig.

P. W. BOTHA,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

R. F. BOTHA,
Minister van die Kabinet.

BYLAE

Wysiging van artikel 3 van Proklamasie R. 101 van 1985

1. Artikel 3 van die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (hieronder die Proklamasie genoem), word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(4) Hierdie Proklamasie word nie so uitgelê nie dat enige persoon geregtig is om as 'n fundamentele reg aanspraak te maak op die bevoegdheid om op 'n ander wyse as 'n vreedsame en demokratiese wyse 'n owerheid tot stand te bring, of om enige owerheidsvorm tot stand te bring waarin of waardeur al die fundamentele regte of een of meer daarvan opgehef, ingekort of aan afbreuk gedoen word of kan word, of om 'n toestand teweeg te bring waarin die handhawing van die veiligheid van die gebied of die openbare orde bedreig word of kan word.".

PROCLAMATION

by the

State President of the Republic of South Africa

No. 157, 1986

AMENDMENT OF PROCLAMATION R. 101 OF 1985

Under the powers vested in me by section 38 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), I hereby make the laws set out in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Second day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-six.

P. W. BOTHA,
State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

R. F. BOTHA,
Minister of the Cabinet.

SCHEDULE

Amendment of section 3 of Proclamation R. 101 of 1985

1. Section 3 of the South West Africa Legislative and Executive Powers Establishment Proclamation, 1985 (hereinafter referred to as the Proclamation), is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(4) This Proclamation shall not be construed as entitling any person to claim as a fundamental right the power to establish a government in any manner other than a peaceful and democratic manner, or to establish any form of government in or by which all fundamental rights or any one or more of them are or may be abolished, diminished or derogated from, or to bring about a state of affairs in which the maintenance of the security of the territory or the public order is or may be threatened.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Wysiging van artikel 19 van Proklamasie R. 101 van 1985

2. Artikel 19 van die Proklamasie word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(5) Geen geregshof is bevoeg om ondersoek in te stel nie na of uitspraak te doen nie oor die geldigheid van 'n Wet van die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika voor of na die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie aangeneem.".

Kort titel en inwerkingtreding

3. Hierdie Proklamasie heet die Tweede Wysigingsproklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1986, en word geag op 17 Junie 1985 in werking te getree het.

Amendment of section 19 of Proclamation R. 101 of 1985

2. Section 19 of the Proclamation is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(5) No court of law shall be competent to inquire into or pronounce upon the validity of any Act of the Parliament of the Republic of South Africa enacted before or after the commencement of this Proclamation.".

Short title and commencement

3. This Proclamation shall be called the Second South West Africa Legislative and Executive Establishment Amendment Proclamation, 1986, and shall be deemed to have come into operation on 17 June 1985.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 1884 **5 September 1986**

WET OP PUBLIKASIES, 1974

AFKEURING VAN ROLPRENT

Die Appèlraad oor Publikasies het kragtens artikel 24 van die Wet op Publikasies, 1974, soos gewysig—

(a) beslis dat die ondergenoemde rolprent binne die bedoeling van artikel 47 (2) (a) van genoemde Wet ongewens is;

(b) die rolprent afgekeur; en

(c) die voorwaardelike goedkeuring van die rolprent deur 'n komitee bedoel in artikel 4 van die genoemde Wet, tersyde gestel.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS

No. 1884 **5 September 1986**

PUBLICATIONS ACT, 1974

REJECTION OF FILM

The Publications Appeal Board under section 24 of the Publications Act, 1974, as amended—

(a) decided that the undermentioned film is undesirable within the meaning of section 47 (2) (a) of the said Act;

(b) rejected the film; and

(c) set aside the conditional approval of the film by a committee referred to in section 4 of the said Act.

Inskrywings No. Entry No.	Rolprent Film	Vertoëmaker Representer
R84/11/130	***Casino de Paris***	Southern Star Promotions of SA (Edms.) Bpk./(Pty) Ltd.

No. 1885 **5 September 1986**

PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—TERSYDESTELLING VAN VERBOD OP BESIT

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974 (die Wet), het kragtens artikel 15 (10) van die Wet op hersiening beslis dat die besit van ondergenoemde publikasie nie langer binne die bedoeling van artikel 9 (3) van die Wet verbied is nie. Die ondergenoemde inskrywing ten opsigte van die publikasie word hierby geskrap.

Die ongewens bevinding kragtens artikel 47 (2) (e) bly egter van krag.

No. 1885 **5 September 1986**

PUBLICATIONS OR OBJECTS.—SETTING ASIDE OF PROHIBITION ON POSSESSION

A Committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974 (the Act), decided under section 15 (10) of the Act on review that the possession of the undermentioned publication is no longer prohibited within the meaning of section 9 (3) of the Act. The undermentioned entry in respect of the publication is hereby deleted.

The finding that the publication is undesirable under section 47 (2) (e) stays intact.

Inskrywing No. Entry No.	Publikasie of voorwerp Publication or object	Skrywer of voortbringer Author or producer	Inskrywing geskrap Entry deleted
P82/02/12	***Selected Works of Mao Tse-Tung*** Vol 1...	People's Publishing House, Peking	In SK./G.G. 5541, GK./G.N. 832 van/of 13/5/1977.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 1886 **5 September 1986**

PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—APPÈL—VERTOË EN VOORWAARDES

Die Direktoraat van Publikasies het op 29 September 1986 kragtens artikel 14 van die Wet op Publikasies, 1974 (die Wet), appèl aangeteken teen die beslissing op 28 September 1986 van 'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet dat die ondergenoemde publikasie nie binne die bedoeling van artikel 47 (2) van die Wet ongewens is nie.

Die Direktoraat appelleer vir die oplegging van 'n voorwaarde deur die Appèlraad.

Die Appèlraad oor Publikasies het kragtens artikel 14 (4) (b) (i) (aa) van die Wet voorlopig beslis dat die ondergenoemde publikasie nie binne die bedoeling van artikel 47 (2) van die Wet ongewens is nie, onderhewig aan die voorwaarde dat die publikasie nie vir doeleindes van verspreiding met enige van die binnekantste bladsye oop uitgestal mag word nie.

Die tydperk waarin persone bedoel in artikel 14 (3) (b) van die Wet vertoë tot die Appèlraad oor Publikasies, Privaatsak X114, Pretoria, ten opsigte van genoemde publikasie kan rig, word hierby bepaal as 10 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing.

Indien geen vertoë ontvang word nie word die Appèlraad se beslissing finaal.

No. 1886 **5 September 1986**

PUBLICATIONS OR OBJECTS.—APPEAL—REPRESENTATIONS AND CONDITIONS

On 29 September 1986 the Directorate of Publications appealed under section 14 of the Publications Act, 1974 (the Act), against the decision on 28 September 1986 of a Committee referred to in section 4 of the Act, that the undermentioned publication is not undesirable within the meaning of section 47 (2) of the Act.

The Directorate appeals for the imposing of a condition by the Appeal Board.

The Publications Appeal Board has provisionally decided under section 14 (4) (b) (i) (aa) of the Act that the undermentioned publication is not undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act, subject to the condition that the publication may not be displayed with any of the inner pages open for purposes of distribution.

The period within which persons referred to in section 14 (3) (b) of the Act may make representations to the Publications Appeal Board, Private Bag X114, Pretoria, in respect of the said publication is hereby determined as 10 days from the date of this notice.

If no representations are received the Appeal Board's decision will be final.

Inskrywing No. Entry No.	Publikasie Publication	Skrywer of voortbringer Author or producer
P86/08/87	***Amateur Photographer***—Week Ending 19 July 1986	Business Press International Ltd, Surrey.

No. 1887 **5 September 1986**

PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—APPÈL: VERTOË EN VOORWAARDES

Die Direktoraat van Publikasies het op 29 Augustus 1986 kragtens artikel 14 van die Wet op Publikasies, 1974 (die Wet), appèl aangeteken teen die beslissing op 28 September 1986 van 'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet dat die ondergenoemde publikasie nie binne die bedoeling van artikel 47 (2) van die Wet ongewens is nie.

Die Direktoraat appelleer vir die oplegging van 'n voorwaarde deur die Appèlraad.

Die Appèlraad oor Publikasies het kragtens artikel 14 (4) (b) (i) (aa) van die Wet voorlopig beslis dat die ondergenoemde publikasie nie binne die bedoeling van artikel 47 (2) van die Wet ongewens is nie, onderhewig aan die voorwaarde dat die publikasie nie vir doeleindes van verspreiding in die openbaar uitgestal mag word nie.

Die tydperk waarin persone bedoel in artikel 14 (3) (b) van die Wet vertoë tot die Appèlraad oor Publikasies, Privaatsak X114, Pretoria, ten opsigte van genoemde publikasie kan rig, word hierby bepaal as 10 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing.

Indien geen vertoë ontvang word nie word die Appèlraad se beslissing finaal.

No. 1887 **5 September 1986**

PUBLICATIONS OR OBJECTS.—APPEAL: REPRESENTATIONS AND CONDITIONS

On 29 August 1986 the Directorate of Publications appealed under section 14 of the Publications Act, 1974 (the Act), against the decision on 28 September 1986 of a Committee referred to in section 4 of the Act, that the undermentioned publication is not undesirable within the meaning of section 47 (2) of the Act.

The Directorate appeals for the imposing of a condition by the Appeal Board.

The Publications Appeal Board has provisionally decided under section 14 (4) (b) (i) (aa) of the Act that the undermentioned publication is not undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act, subject to the condition that the publication may not be displayed in public for purposes of distribution.

The period within which persons referred to in section 14 (3) (b) of the Act may make representations to the Publications Appeal Board, Private Bag X114, Pretoria, in respect of the said publication is hereby determined as 10 days from the date of this notice.

If no representations are received the Appeal Board's decision will be final.

Inskrywing No. Entry No.	Publikasie Publication	Skrywer of voortbringer Author or producer
P86/08/79	***Foto Magazin***—Nr 7 Juli 1986	Ringier Verlag GmbH, München.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 1888 **5 September 1986**

PUBLIKASIES OF VOORWERPE

Die Appèlraad oor Publikasies het kragtens artikel 13 (5) van die Wet op Publikasies, 1974 (die Wet), beslis dat die ondergenoemde publikasie nie ongewens is nie en het die beslissing van 'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet dat genoemde publikasie binne die bedoeling van artikel 47 (2) van die Wet ongewens is, tersyde gestel. Die ondergenoemde inskrywing ten opsigte van die publikasie word hierby geskrap:

No. 1888 **5 September 1986**

PUBLICATIONS OR OBJECTS

The Publications Appeal Board has in terms of section 13 (5) of the Publications Act, 1974 (the Act), decided that the undermentioned publication is not undesirable and set aside the decision of a Committee referred to in section 4 of the Act that the said publication is undesirable within the meaning of section 47 (2) of the Act. The undermentioned entry in respect of the publication is hereby deleted:

Inskrywing No. Entry No.	Publikasie of voorwerp Publication or object	Skrywer of voortbringer Author or producer	Inskrywing geskrap Entry deleted
P86/07/119.....	***Stag***—Vol 5 No 9 August 1986.....	Viclen Promotions, Turffontein.....	In SK./G.G. 10384, GK./G.N. 1680 van/of 1986-08-06.

No. 1889 **5 September 1986**

PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—TERSYDESTELLING VAN VERKLARING DAT PUBLIKASIES ONGEWENS IS

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974 (die Wet), het kragtens artikel 15 (2) van die Wet op hersiening beslis dat die ondergenoemde publikasies nie binne die bedoeling van artikel 47 (2) van die Wet ongewens is nie. Die ondergenoemde inskrywings ten opsigte van die publikasies word hierby geskrap.

No. 1889 **5 September 1986**

PUBLICATIONS OR OBJECTS.—SETTING ASIDE OF DECLARATION THAT PUBLICATIONS ARE UNDESIRABLE

A Committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974 (the Act), has decided under section 15 (2) of the Act on review that the undermentioned publications are not undesirable within the meaning of section 47 (2) of the Act. The undermentioned entries in respect of the publications are hereby deleted:

Inskrywing No. Entry No.	Publikasie of voorwerp Publication or object	Skrywer of voortbringer Author or producer	Inskrywing geskrap Entry deleted
P83/06/130.....	***Love in the South Seas***.....	Bengt Danielsson	In SK./G.G. 1080, GK./G.N. 512 van/of 9-4-1965.
P86/07/33	***Gypsy Lady***.....	Shirlee Busbee.....	In SK./G.G. 6205, GK./G.N. 2238 van/of 10-11-1978.
P86/07/17	***Love and Friendship***.....	Alison Lurie	In GK./G.N. 108 van/of 25-1-1963.
P86/07/43	***Clockwork Testament, The*** (Or: ***Enderby's End***)	Anthony Burgess.....	In SK./G.G. 6298, GK./G.N. 242 van/of 9-2-1977.
P86/08/33	***Partners in Apartheid***	Don Morton.....	In SK./G.G. 5529, GK./G.N. 745 van/of 29-4-1977.
P86/08/66	***The Marxist Theory of Schooling***	Michael R. Matthews.....	In SK./G.G. 9178, GK./G.N. 775 van/of 13-4-1984.

No. 1890 **5 September 1986**

PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974 (die Wet), het kragtens artikel 11 (2) van die Wet beslis dat die ondergenoemde publikasies of voorwerp ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van die Wet:

No. 1890 **5 September 1986**

PUBLICATIONS OR OBJECTS.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS

A Committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974 (the Act), has decided under section 11 (2) of the Act that the undermentioned publications or object are undesirable within the meaning of section 47 (2) of the Act:

LYS/LIST P86/44

Inskrywing No. Entry No.	Publikasie of voorwerp Publication or object	Skrywer of voortbringer Author or producer	Artikel 47 (2) Section 47 (2)
P86/08/52	***Art of Photographing the Model, The***.....	Bron Kowal.....	(a)
P86/08/96	***This is a New Born Fish—I'm a Reborn Virgin*** (Bufferplakker/Bumper sticker)	Nie vermeld nie/Not stated	(b)
P86/08/57	***Portuguese Market Garden—meisie met kaal bo-lyf/bare-breasted girl*** (1986 Kalender/Calendar)	Nie vermeld nie/Not stated	(a)
P86/08/88	***Lady and Lace*** (Kalender/Calendar)	Litho in USA	(a)
P86/08/56	***Da Gama Portuguese Garden—meisie met kaal bo-lyf, wat op sand kniel/bare-breasted girl kneeling on sand*** (Plakkaat/Poster)	Nie vermeld nie/Not stated	(a)
P86/08/13	***South Africa—A Resource Guide for Study and Action***	Saamgestel deur/Compiled by National Council of Churches of Christ, New York	(d) + (e)
P86/08/55	***The Child is Not Dead***	Saamgestel deur/Compiled by Ann Harries/Roger Diski/Alasdair Brown	(d) + (e)
P86/08/62	***Marxism Today***—Vol 31 No 7 July 1986	Communist Party, London.....	(e)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Inskrywing No. Entry No.	Publikasie of voorwerp Publication or object	Skrywer of voortbringer Author or producer	Artikel 47 (2) Section 47 (2)
P86/08/81	***Profiting from Apartheid***	LRD Publications, London	(e)
P86/09/02	***UB 40—Rat in the Kitchen*** (Kaset/Cassette)	UB 40	(e)
P86/08/61	***Southern Africa—Progress or Disaster?***	Basil Davidson	(e)
P86/08/82	***A Distant Clap of Thunder—Fortieth Anniversary of the 1946 Mine Strike***	Nie vermeld nie/Not stated	(e)

No. 1891 **5 September 1986**

PUBLIKASIES OF VOORWERPE

Die Appèlraad oor Publikasies het kragtens artikel 13 (5) van die Wet op Publikasies, 1974 (die Wet), beslis dat die ondergenoemde publikasie nie ongewens is nie en het die beslissing van 'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet dat genoemde publikasie binne die bedoeling van artikel 47 (2) van die Wet ongewens is, tersyde gestel. Die ondergenoemde inskrywing ten opsigte van die publikasie word hierby geskrap:

No. 1891 **5 September 1986**

PUBLICATIONS OR OBJECTS

The Publications Appeal Board has in terms of section 13 (5) of the Publications Act, 1974 (the Act), decided that the undermentioned publication is not undesirable and set aside the decision of a Committee referred to in section 4 of the Act that the said publication is undesirable within the meaning of section 47 (2) of the Act. The undermentioned entry in respect of the publication is hereby deleted:

Inskrywing No. Entry No.	Publikasie of voorwerp Publication or object	Skrywer of voortbringer Author or producer	Inskrywing geskrap Entry deleted
P86/08/22	***Bunny Girl***—May/June/July Vol 3 No 3 1986	Republican Press, Mobeni	In SK./G.G. 10395, GK./G.N. 1786 van/of 22-8-1986.

DIE BLOMPLANTE VAN AFRIKA

Hierdie publikasie word uitgegee as 'n geïllustreerde reeks, baie na die aard van Curtis se "Botanical Magazine". Die doel van die werk is om die skoonheid en variasie van vorm van die flora van Afrika aan die leser bekend te stel, om belangstelling in die studie en kweek van die inheemse plante op te wek, en om plantkunde in die algemeen te bevorder.

Die meeste van die illustrasies word deur kunstenaars van die Navorsingsinstituut vir Plantkunde gemaak, dog die Redakteur verwelkom geskikte bydraes van 'n wetenskaplike en kunsstandaard afkomstig van verwante inrigtings.

Onder huidige omstandighede word twee dele van die werk in een omslag gepubliseer, maar met onreëlmatige tussenpose; elke deel bevat 10 kleurplate. Intekengeld bedra R15 per uitgawe van twee dele (buitelands R16 per uitgawe): Vier dele per band. Vanaf band 27 is die prys per band in rexine gebind R40; in luukse rexine gebind R45. (Buitelands, rexine gebind R45; luukse band R50).

Verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbouinligting, Privaatsak X144, Pretoria.

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

THE FLOWERING PLANTS OF AFRICA

This publication is issued as an illustrated serial, much on the same lines as Curtis's Botanical Magazine, and for imitating which no apology need be tendered.

The desire and object of the promoters of the publication will be achieved if it stimulates further interest in the study and cultivation of our indigenous plants.

The illustrations are prepared mainly by the artists at the Botanical Research Institute, but the Editor welcomes contributions of suitable artistic and scientific merit from kindred institutions.

Each part contains 10 plates. Two parts are published in one cover and costs R15 per issue of two parts (other countries R16 per issue). Two, three or four parts may be published annually, depending on the availability of illustrations. A volume consists of four parts. From Volume 27, the price per volume is: Rexine binding, R40; de luxe binding R45 (other countries, rexine binding R45; de luxe binding R50).

Obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria.

Sales tax must accompany inland orders.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

NOU BESKIKBAAR

VERSLAE VAN DIE APPÈLHOWE VIR KOMMISSARISHOWE

(In boekvorm)
1972–1974 (484 bladsye)
1975–1977 (338 bladsye)

Verkoopprys (AVB uitgesluit)

1972–1974: Plaaslik, R9,20; buitelands, R10,90; posvry
1975–1977: Plaaslik, R7,40; buitelands, R8,70; posvry

——————oOo——————

NOW AVAILABLE

REPORTS OF THE APPEAL COURTS FOR COMMISSIONERS' COURTS

(In book form)
1972–1974 (484 pages)
1975–1977 (338 pages)

Selling price (GST excluded)

1972–1974: Local, R9,20; other countries, R10,90; post free
1975–1977: Local, R7,40; other countries, R8,70; post free

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

BELANGRIK!!

Plasing van tale:

Staatskoerante

1. Hiermee word bekendgemaak dat die omruil van tale in die *Staatskoerant* jaarliks sal geskied, beginnende vanaf 1 Oktober tot 30 September, elke jaar.

2. Vir die tydperk 1 Oktober 1985 tot 30 September 1986 word Afrikaans EERSTE geplaas.

3. Hierdie reëling word in ooreenstemming gebring met dié van die Parlement waarby koerante met Wette ens. die taalvolgorde deurgaans behou vir die duur van die sitting.

4. ***Dit word dus van u, as adverteerder, verwag om u kopie met bogenoemde reëling te laat strook om onnodige omskakeling en stylredigering in ooreenstemming te bring.***

———oOo———

IMPORTANT!!

Placing of languages:

Government Gazettes

1. Notice is hereby given that the interchange of languages in the *Government Gazette* will be done annually, starting on 1 October until 30 September, every year.

2. For the period 1 October 1985 to 30 September 1986, Afrikaans is to be placed FIRST, changing annually hereafter.

3. This arrangement is to bring the *Government Gazettes* in conformity with Gazettes containing Acts of Parliament etc. where the language sequence remains constant throughout the sitting of Parliament.

4. ***It is therefore expected of you, the advertiser, to see that your copy is in accordance with the above-mentioned arrangement in order to avoid unnecessary style changes and editing to correspond with the correct style.***

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

INHOUD

No.		*Bladsy No.*	*Staatskoerant No.*
	PROKLAMASIE		
157	Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika (39/1968): Wysiging van Proklamasie R. 101 van 1985	1	10418
	GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		
	Binnelandse Sake, Departement van		
	Goewermentskennisgewings		
1884	Wet op Publikasies (42/1974): Afkeuring van rolprent	2	10418
1885	do.: Publikasies of voorwerpe: Tersydestelling van verbod op besit	2	10418
1886	do.: do.: Appèl: Vertoë en voorwaardes	3	10418
1887	do.: do.: do.	3	10418
1888	do.: do.	4	10418
1889	do.: do.: Tersydestelling van verklaring dat publikasies ongewens is	4	10418
1890	do.: do.: Ongewenste publikasies of voorwerpe: Lys P86/44	4	10418
1891	do.: do.	5	10418

CONTENTS

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
	PROCLAMATION		
157	South West Africa Constitution Act (39/1968): Amendment of Proclamation R. 101 of 1985	1	10418
	GOVERNMENT NOTICES		
	Home Affairs, Department of		
	Government Notices		
1884	Publications Act (42/1974): Rejection of film	2	10418
1885	do.: Publications or objects: Setting aside of prohibition on possession	2	10418
1886	do.: do.: Appeal: Representations and conditions	3	10418
1887	do.: do.: do.: do.	3	10418
1888	do.: do.: Publications or objects	4	10418
1889	do.: do.: Setting aside of declaration that publications are undesirable	4	10418
1890	do.: do.: Undesirable publications or objects: List P86/44	4	10418
1891	do.: do.	5	10418

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

10418—1